



## Vakature: Voltydse Leraar NG Gemeente Bothaville-Noord

Die kerkraad van Bothaville-Noord maak in afhanklikheid die vakature van voltydse leraar bekend.

**Gemeenteprofiel:** Bothaville is 'n dinamiese plattelandse dorp in die Noord-Vrystaat, maak deel uit van die Mieliedriehoek en is die tuiste van die jaarlikse NAMPO-Oesdagfeesvieringe. Boerdery en verwante bedrywe en nywerhede domineer dié gebied en word aangevul deur ander dienstebedrywe. Bothaville beskik oor 'n multikulturele laerskool, drie nabygeleë plaasskole en 'n multikulturele hoërskool wat almal baie

goed funksioneer. Goeie gesondheidsdienste is op die dorp beskikbaar, terwyl privaat hospitaalfasiliteite in die buurdorpe naamlik Klerksdorp, Welkom en Kroonstad aangetref word.

Die gemeente het 'n gesonde ouderdomsverspreiding met 573 belydende- en 172 dooplidmate. Die gemiddelde ouderdom van gemeentelidmate is 38. Die gemeente bestaan uit 18 blokke, waarvan agt plaasblokke/wyke is. Dit is 'n omgee-gemeente wat liefde uitleef en genade na almal aangee. Lidmate speel ook 'n ankerrol in gemeenskapsinisiatiewe wat saamwerk met ander kerke, skole en instansies. Die gemeente werk nou saam met die twee ander NG gemeentes in die dorp.

**Leraarsprofiel:** Ons wil graag hê dat die leraar wat beroep word na Bothaville-Noord, die volgende eienskappe sal openbaar:

- 'n Lewende, persoonlike verhouding met God Drie-enig hê.
- Meewerk aan die uitbou van die gemeente se roeping.
- Goeie interpersoonlike vaardighede toon en gemaklik in spanverband funksioneer.
- 'n Hart vir die aktiewe bediening op die platteland, met die doel om 'n verskil te maak in ons wyer gemeenskap, gemaklik met huisbesoek en persoonlike kontak met lidmate in verskillende lewensstadiums.
- 'n Dinamiese prediker wat 'n suiwer teologie, soos verwoord in die kerk se belydenisskrifte, verkondig.
- Gebruik maak van visuele media en rekenaartegnologie tydens eredienste.
- Verkieslik nie ouer as 50 jaar nie, met kreatiewe en innoverende denke.

### Verantwoordelikhede:

- Geestelike leiding van die gemeente om die Here met oorgawe te dien en te aanbid.
- Dinamiese en aktuele prediking met 'n klem op lof en aanbidding.
- Betrokkenheid by jeug- en gesinsbediening.
- Pastorale ondersteuning aan die gemeente en gemeenskap.
- Betrokkenheid by die gemeenskap en wyer bedieningsveld.
- Nakoming van alle ampspligte, soos omskryf in Artikel 9 van die Kerkorde as riglyn, in samewerking met die ander predikante binne die bedieningsraamwerk van die gemeenskap.

**Vergoeding en voordele:** Sinodale aanbeveling vir salaris en byvoordele sal as riglyn gebruik word. 'n Ruim pastorie is beskikbaar. Voornemende kandidaat:

- Belangstellende leraars van die NG Kerk word uitgenooi om 'n volledige CV met persoonlike besonderhede, asook die name en kontakbesonderhede van drie referente, te stuur aan: [ngkbothavillenoord@gmail.com](mailto:ngkbothavillenoord@gmail.com)
- **Sluitingsdatum:** Saterdag 31 Augustus 2019
- **Diensaanvaarding:** 1 Januarie 2020

### Navrae:

Voorsitter Pre-advies komitee: Hans Mey - 083 635 3744

Konsulent: Ds Laurie Naude - 082 378 2322

Saakgelastigde: Annesia Snyman - 056 515 3990 (k/u Ma-Vr 08:00-13:00)

***Die kerkraad hou hom die reg voor om, sonder opgaaf van redes, geen aanstelling te maak uit die aansoeke wat ontvang is nie.***